AfriForum JEUG

22 November 2019

Geagte takbestuurslid

Dit is vir ons ’n voorreg om jou deel van die span te hê en daarom wil ons jou hartlik uitnooi na ons heel eerste Jeugkongres!

| | |
|---|---|
| **Datum en tyd:** | 17:00, 23 Januarie 2020 tot 09:00, 26 Januarie 2020 |
| **Plek:** | FAK Udolpho Rivierplaas, Parys, Vrystaat |
| **Koste:** | R1 300 per lid. Verblyf, etes en alle aktiwiteite is hierby ingesluit. Kampustakke se kostes word verhaal van AfriForum Jeug Nasionaal. Dorpstrukture se kostes word van die tak verhaal deur middel van ’n joernaalinskrywing in Januarie 2020. Maak seker jou takvoorsitter gee die nodige toestemming dat jy die Jeugkongres mag bywoon deur ’n e-pos na marike.labuschagne@afriforum.co.za te stuur waarin hy/sy goedkeuring verleen dat R1 300 per lid van die takkoste verhaal word deur ’n joernaalinskrywing. |
| **Verblyf:** | Ingesluit. Slaapsale/chalets – beddegoed word voorsien. |
| **Etes:** | Ingesluit. Drie etes per dag (bring ekstra verversings saam indien jy hou van peusel). |
| **Vervoer:** | Uitgesluit. Kostes word verhaal van AfriForum Jeug se nasionale begroting en dorpstakke se begroting. As jy baie vêr bly gaan jy waarskynlik moet vlieg. Alle reisreëlings sal ná die bekendmaking van die RSVP-datum getref word. In gevalle waar takke dieselfde roete moet ry, sal ons reël vir saamrygeleenthede. Daarom is dit baie belangrik om te RSVP. |
| **Wie kan kom:** | Vyf lede van kampusstrukture en drie lede van dorpstrukture. Metgeselle is welkom teen R1 300 (die lid is self verantwoordelik vir die metgesel se koste). |
| **Benodighede:** | Gemaklike klere, semiformele drag, swemklere, handdoeke vir stort en swem, asook ’n hoed, das, baadjie en bierbeker. |

**Wat jy te wagte kan wees:**

- Sprekers oor tersaaklike kwessies
- Standpunte-opleiding
- AfriForum Jeug se jaarprogram vir 2020
- Portefeuljegesprekke
- Takbeplanning saam met relevante koördineerder
- Vrae en insette
- Stamkroeg
- Braaivleisparlement
- Prysuitdeling en dinee

Die Jeugkongres is uiters belangrik omdat dit die enigste geleentheid in die jaar is waartydens die jeugstrukture almal bymekaar kan kom om ons doelwitte, bekommernisse en idees te deel. ’n Jeugsamekoms is ook nooit vervelig nie omdat ons tyd maak vir swem en verskeie spanbou-aktiwiteite, terwyl ons ook natuurlik weer eens tydens ’n dinee erkenning gee aan die takke wat die afgelope jaar presteer het. Onthou dus jou dansskoene en koelboks vir Saterdagaand se spoggeleentheid.

Respekteer asseblief die RSVP-datum – **10 Desember 2019.** Kostes word aangegaan vir besprekings van die verblyf, etes en sprekers. Maak dus seker jy is beskikbaar van 23 tot 26 Januarie 2020 voordat jy RSVP.

Diegene wat eers in Januarie 2020 duidelikheid gaan hê oor verlofverwante kwessies moet asseblief op die laatste teen **13 Januarie 2020** RSVP.

Wenk: Hoe vroeër jy RSVP, hoe beter is jou verblyf.

Kom ons skop 2020 op ’n hoogtepunt af!

Vriendelike groete

**Marike Labuschagne**
**Hoof: Jeugontwikkeling**
**AfriForum Jeug**
**Sel: 081 217 0008**
**E-pos: marike.labuschagne@afriforum.co.za**